1988 **TRUK-MUSIEK BIED AAN** 1988

Laurika Rauch & Jannie Du Toit

IN

van BERLYN tot BAPSFONTEIN

SAAMGESTEL EN GEREGISSEER DEUR

Stephan Bouwer

ARENA, STAATSTEATER PRETORIA
25, 26, 27 & 29 APRIL 20h00
30 APRIL 18h00 & 21h00

van BERLYN tot BAPSFONTEIN

'N WOORD VOORAF

Daar word teenswoordig baie oor Afrikaanse kabaret (of kabaret-op-s 'n-Afrikaans) geskryf en bespiegel — so al of dit 'n *innovasie* van 1987—'88 is. (Wat van Hennie Aucamp se *Met permissie gesê*, in Johannesburg opgevoer in 1981?) Vele joernaliste was al by my oor die vloer, en twee ingeskrewe M.A.-studente het al vanjaar — skoon kortasem — gebel. In die laat jare sewentig / vroeë jare tagtig het 'n paar entoesiaste té gou oor *Musiek en Liriek* / die *luisterliedjie* begin teoretiseer. (Ai, om die Psalmdigter aan te haal: *"Die dae van ons jare ... gou gaan dit verby en ons vlieg daarheen ..."*) Dié "beweging" het toe mos half *elitisties* begin word nog vóór die eerste swaeltjies die lente behóórlik kon aankondig. En 'n mens wil nou nie wéér, saam met Kloos, treur "Ik ween om bloemen in den knop gebroken" nie!

Historici het al aangedui dat die kabaret nie (noodwendig) in 1880 in die *Chat Noir*, Montmartre, gelanseer is nie. Middeleeuse deelnemers aan moraliteitspele en sotternieë; straattroebadoere, minstrele en harlekyne was bes moontlik almal wegbereiders ... Dit is nogtans waar dat kabaret, in dié eeu, veral gedy daar waar nood, angs, onsekerheid én ontevredenheid heers. Aucamp het al 'n paar briljante opstelle oor die onderwerp geskryf. Hy beweer dat satire, sentiment, belediging en seksuele buitensporighede algar elemente van die sg. (literêre) kabaret is. Dis nogal insiggewend dat Aucamp die kabaret tot "randkultuur" relegeer — of dan tot 'n *alternatiewe* uiting, soos hulle deesdae in Hillbrow sê.

VAN BERLYN TOT BAPSFONTEIN is 'n konsert/sanguitvoering wat probeer om by die kabaret aansluiting te vind. (Kyk maar na ons manelle en strikdassies!). As die liriek en melodie meesleurend genoeg is, en as die liedjies in 'n volgorde gesing word sodat die tekste *mekaar* kommentarieer, glo ek dat "verduidelikende" skakeltekste oorbodig is. (Almal sal *Sinjaal* miskien as 'n (veelduidige) protesliedjie herken ... maar die persoonlike avontuur van die konsert lê vir ons in iets soos die insluiting van 'n nommer soos Hullebroeck/Langenhoven se *Lamtietie-Damtietie*.

'n Nederlandse kabaretier, Martie Verdenius, het die kabaret só gedefinieer: "In een echt cabaret moet minstens eenmaal per avond je hart in je lijf omdraaien". As ons met dié konsert daarin kan slaag om een of twee harte te laat bolmakiesie slaan, dan sal ons tevrede wees.

Sedert toentertyd se *Musiek-en-Liriek* was dit nog altyd 'n begeerte om Laurika en Jannie — mooi van stem én aanskyn — saam-saam op die verhoog te sien. Met repetisies was albei sangers se alsydigheid/hardkoppigheid (!) waarlik inspirerend. Dié konsert is ge-"werkwinkel", met die gulhartige medewerking van kunstenaars soos o.m. Christa Steyn, Roux Engelbrecht, Gordon Engelbrecht, Ansa du Toit en Didi Kriel. 'n Mens wil nie graag (soos 'n *Artes*-ontvanger) oor oupa- en oumagrootjie begin kweel nie, maar aan al die goedgelowige vriende, nogtans: baie dankie.

STEPHAN BOUWER

STEPHAN BOUWER

Stephan verwerf sy M.A.-graad met 'n verhandeling oor Tenessee Williams en speel daarna vir TRUK se Afrikaanse geselskap. In 1972 verwerf hy 'n beurs van die Belgiese regering en gaan studeer aan Die Vrije Universiteit te Brussel. In 1973 word hy een van die eerste dramaregisseurs wat SAUK-TV aanstel. Hy regisseer komediereekse soos *Dokter Dokter* en *Drama Drama* maar begin hom gaandeweg toespits op die TV-regie van klassieke werke van o.m. Tsjechof, Strindberg en Ibsen — naas werke van eietydse meesters soos Shaffer, Kohout, Dürrenmatt en Duras. Sy ongeveer 50 TV-projekte sluit ook die regie van dramas deur plaaslike skrywers en twee operas *Die Medium* (Menotti) en *Carmen* (Bizet) in. (Sy produksie van *Die Koster* ("The Beadle") is die SAUK se inskrywing vir die *Prix Italia* en hy verwerf 'n *Tonight!*-toekenning as beste dramaregisseur vir sy regie van *Arme Marat* deur Arbusov.) Vir TRUK regisseer hy, o.m., *Charley's Aunt* en *Gianni Schicchi* (Jeugopera). Sy jongste komediereeks, *Huisjakker*, was Jan. — Maart '88 op TV1 te sien. Naas joernalistiek het daar ook reeds drie digbundels en enkele kortverhale uit sy pen verskyn. In '84—85 is hy samesteller en aanbieder van die radioprogram *Kabaret*. Sy regie-projekte vir '88 sluit die NARUK-produksies, *My Name is Legion* en *A Man For All Seasons* in.

TRUK-MUSIEK bied aan

van BERLYN tot BAPSFONTEIN

Samestelling en regie:
STEPHAN BOUWER

Sangers:
LAURIKA RAUCH en JANNIE DU TOIT

Orkes:
DIDI KRIEL (klawers)
ALAN HUNTER (tromme)
CONNIE VAN ALFEN (bas en kontrabas)

Foto's:
NEVILLE PETERSEN

PROGRAM

SO VROLIK (H. van Veen/S. Bouwer) (SAAM)

UNTERN LINDEN (W. Kollo/Bernauer/Schanzer) (SAAM)

LIED VAN DIE ONTOEREIKENDHEID VAN MENSLIKE STREWES (K. Weill/B. Brecht/H. Aucamp) (SAAM)

REMEMBERING MARIE A. (B. Brecht/K. Willett) (JANNIE)

BUDDY ON THE NIGHTSHIFT (O. Hammerstein II/K. Weill) (LAURIKA)

LIEFDE VAN LATER (J. Brel/L. Nijgh) (JANNIE)

DE VLESELIJKE WONING (H. Dorrestijn) (LAURIKA)

OPZIJ (H. van Veen/E. van der Wurff)

SALOMO-LIED (K. Weill/B. Brecht/H. Aucamp) (SAAM)

LIED VAN DIE MOLDAU (H. Eisler/B. Brecht/H. Aucamp) (LAURIKA)

DIE SANGER (J. de Corte/J. du Toit) (JANNIE)

LELIKHEID (H. Dorrestijn/S. Bouwer) (LAURIKA)

SEPTEMBER SONG (K. Weill/M. Anderson) (JANNIE)

SING-VEG-HUIL-BID (R. Shaffy/S. Bouwer) (SAAM)

POUSE

NIKS HANG SO ROOI SOOS WINGERDBLAAR BY HEXRIVIER (Boerneef/L. Rauch) (SAAM)

AAI-AAI (Trad./A. Goosen) (SAAM)

ALMAL NEUK MAAR AAN (J. de Corte/J. du Toit/S. Bouwer) (JANNIE)

DIE LEWE IS 'N GRENSHOTEL (J. Hofmeyr/H. Aucamp) (LAURIKA)

ONS SAL MAAR AANGAAN (R. Shaffy/S. Bouwer) (JANNIE)

SINJAAL (H. van Veen/W. Wilmink/S. Bouwer) (LAURIKA)

WIEGELIEDJIE (Hullebroeck/Langenhoven) (JANNIE)

LAAT DE KINDERTJES (R. van Kreeveld/L. Gerritsen) (LAURIKA)

FIETS (R. McTell/R. Crispijn/S. Bouwer (JANNIE)

SJAANTJE (R. Shaffy) (LAURIKA)

"BAPSFONTEIN-KEURSPEL" (SAAM)

KAROONAG (C. de Villiers) (SAAM)

GEE ONS VREDE (R. Long/J. du Toit) (SAAM)

LAURIKA RAUCH

JANNIE DU TOIT

Laurika het die graad B A (Drama) aan die Universiteit van Stellenbosch verwerf en daarna 'n onderwysdiploma aan UNISA. In 1975—'76 is sy aktrise by TRUK-Speelwerk onder leiding van Robin Malan. In die laat jare sewentig debuteer sy (TV) met poësie-toonsettings in Stephan Bouwer se reeks *Fyn Net van die Woord*. In 1979 neurie almal haar Koos du Plessis-treffer, *Kinders van die Wind*. (Dié Afrikaanse liedjie geniet die ongekende prestasie om etlike weke lank bo-aan die treffersparade van *Springbok* en *Radio 5* te wees).

Na dié treffer word sy een van die voorste eksponente van die sg. "nuwe" Afrikaanse luisterliedjie. Sy word een van ons mees geliefde sangeresse — in TV-programme en ook in konserte landwyd. Naas verskynings in Taubie Kushlik se *Encore Brel* en *Best of Brel* is dit veral haar solo-konserte (met Wessel van Wyk as klavierbegeleier) wat nou die aandag trek. Hulle het, op uitnodiging, al in Brussel, Gent en Londen opgetree. Laurika se repertoire sluit heelwat liedjies in wat sy self gekomponeer het. Haar eerste langspeelplaat, *Debuut*, het goue status verwerf — en 'n sesde plaat, *Encore! Laurika*, is onlangs vrygestel en blyk reeds 'n trefferverkoper te wees.

Laurika is getroud met Chris Torr, en hulle het twee kinders, Simon en Nina.

Oor haar optrede in *Van Berlyn tot Bapsfontein* sê Rapport: "Laurika Rauch wys in *Van Berlyn tot Bapsfontein* hoe naby sy reeds staan aan die kuns van Gisela May, die Groot Vrou van die Europese kabaret."

Jannie het die graad B Juris LLB aan RAU en 'n Honneursgraad in Afrikaans aan UP verwerf. Hy voltooi sy leerklerkskap by die Staatsprokureur in Pretoria, waarna hy as kultuurbeampte by die Universiteit van Pretoria werksaam is. Hy is tans Senior Organiseerder, Ligte Musiek by TRUK.

Gedurende sy studentejare was hy lid van die sanggroep, *Trilogie*, en sedert 1979 word hy bekend as een van die voorste eksponente van die Afrikaanse luisterliedjie in die *Musiek en Liriek*-beweging. Sy komposisie, *'n Liedjie vir Jou*, kan as een van die "klassieke" luisterliedjie-nommers beskou word. Jannie is gereeld betrokke by 'n hele aantal televisie-programme en het tot dusver twee langspeelplate vrygestel. Gedurende sy jare by Tukkies het hy drie musiekblyspele — *Loeloeraai*, *Gansdans* en *Rip*, die lig laat sien. Hy was die opsteller en aanbieder van die reeks radiopraatjies, *'n Liedjie vir die Luister*, vir die Afrikaanse diens in 1987, en is ook deel van die uiters suksesvolle aanbieding, *Blik en Snaar*, wat onder andere aan die begin van die jaar op uitnodiging by Suid-Afrikaanse ambassades in Europa aangebied is.

Jannie is met Ansa van Rensburg getroud. Sy was die musiekregisseuse van Jannie se musiekblyspele, en is die regisseuse van *Blik en Snaar* en dirigent van die bekende *Ad Libitum-koor* waarvan Jannie 'n lid is.

TRANSVAALSE RAAD VIR DIE UITVOERENDE KUNSTE
(ingelyfde vereniging sonder winsoogmerk)

Pretoriusstraat 320 PRETORIA, Posbus 566 PRETORIA 0001
Telefoon: (012) 322-1665, Teleks 3-20753 SA

Die Raad: Rdl J J S van der Spuy (Voorsitter), Mnr E Ansur, Mnr M K Cook, Mnr H Davel, Rdl Dr G J Davidtsz (alternatief Rdl S D de K Venter), Prof L C Eksteen, Prof R I Ferguson, Dr W R Hoods MEC, Mev J Malherbe, Raadsheer S Moss (alternatief Raadsheer C P Venter), Mnr M R Rantho, Mnr G Roos, Prof H Temmingh, Prof K Tober, Dr D J J van Rensburg

Direktoraat	
Hoofdirekteur	Gerrit Geertsema
Adjunk-hoofdirekteur	Dennis Reinecke
Assistent-hoofdirekteur	Louis Bezuidenhout
Kunste-afdelings	
Ballet	
Artistieke Direkteur	Dawn Weller-Raistrick OVDS
Hoofbestuurder	Cosmo Pienaar
Toneel	
Artistieke Direkteur	Bobby Heaney
Hoofbestuurder	Lynette Marais
Musiek	
Artistieke Direkteur	Schalk Visser
Opera	
Artistieke Direkteur	Neels Hansen
Hoofbestuurder	Johan Maré
Diensafdelings	
Administrasie	
Hoofbestuurder: Personeelbestuur	Myra Gibbons
Hoof Rekenmeester	Angela Geoghegan
Afdeling Openbare Betrekkinge	
Hoofbestuurder	Tish Hughes
Publikasies	
Hoofbestuurder	
Afdeling Bemarking en Gehore-ontwikkeling	
Hoofbestuurder	Phillip Swart
Dekorateljee	
Hoofbestuurder	George Pike
Verhoogdienste	
Hoofbestuurder	Barry Snow
Voorrade	
Hoofbestuurder	Edgar Lewis
Staatsteater Pretoria	
Hoofbestuurder	Jean-Claude Laurent
Instandhouding	
Hoofbestuurder	Abie Feistel
Garderobe	
Hoofbestuurder	Marina Williams
Johannesburgse Kantoor Windybrow	
Tel: (011) 724-3301	

Lewenslange Beskermhere: Arthur Kaplan Juweliers, Norex Holdings (Edms) Bpk, Volkskas Bpk, Norman Nossel

HOU U STAD SKOON

TRUK-MUSIEKAFDELING

Artistieke Direkteur	Schalk Visser
Bestuurder	John Ivor-Pullin
Organiseerder	Elsie Viljoen
Publisiteitsbeampte	Gwen Pretorius
Senior Organiseerder Ligte Musiek	Jannie du Toit